NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 15
11 Mei 2023

# Gevorderde toerusting van ouderlinge

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dit is vanjaar 170 jaar gelede dat die eerste Hervormde predikant, ds Dirk van der Hoff, in Suid-Afrika aangekom het – as predikant vir die hele Transvaal met 'n muilwa as voertuig.**

Die interessante is dat hy deur oudl FG Wolmarans, oupa van die latere oudl ADW Wolmarans, in Potchefstroom in sy amp bevestig is. Oudl FG Wolmarans was ook die voorsitter van die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR wat op 8 Augustus 1853 plaasgevind het. Hy was saam met ds Van der Hoff die opsteller van die eerste kerklike wetboek. Dit is 'n enkele voorbeeld van die belangrike rol wat ouderlinge in die handjievol gemeentes van die Hervormde Kerk in die ZAR gespeel het.

Eers in 1860 het daar welkome hulp in die persone van di AJ Begemann en GW Smits opgedaag. In 1864 het ds NJ van Warmelo hom ook by die predikantekorps aangesluit. Dit ten spyt sou daar vir meer as 'n eeu lank 'n deurlopende tekort aan predikante wees en was dit ouderlinge wat deurgaans 'n leidinggewende rol in vakante gemeentes vervul het.

Gedurende die 1970's en 1980's het 'n groot klomp predikante afgestudeer, wat later tot 'n oormaat predikante gelei het. Tans het die situasie weer omgedraai en is daar te min predikante om al die gemeentes in die Kerk te bedien. Dit is veral gemeentes op die platteland wat sukkel om die dienste van predikante te bekom. Verder blyk dit dat tot en met die 75ste AKV ongeveer 'n kwart van die Kerk se diensdoende predikante gaan emeriteer. Daar is tans 14 studente oor die ses studiejare versprei, wat kwalik 'n verskil in die groter wordende tekort aan predikante teweeg gaan bring.

Dit is daarom verblydend dat Besluit 26 tydens die 73ste AKV met die volgende titel geneem is: *Gevorderde toerusting vir ouderlinge as medewerkers in die bediening – veral in gemeentes wat langdurig vakant is*. Met hierdie gevorderde toerusting wil ons ouderlinge bemagtig om op betekenisvolle wyse as medewerkers in gemeentes op te tree – veral in gemeentes wat vakant is. Ouderlinge word toegerus in die fasilitering van eredienste, gemeentebestuur en die begeleiding van lidmate in krisistye. In kort gaan dit oor die bestuur van 'n gemeente in die afwesigheid van 'n predikant. Op 'n manier herinner dit aan die rol wat ouderlinge vir dekades lank vervul het voor en nadat ds Van der Hoff in 1853 in Transvaal begin werk het.

Die toerustingsgeleenthede vind aanlyn plaas. Die eerste module handel oor die fasilitering van 'n erediens en vind soos volg plaas:

**Deel I – 15 Mei 2023 om 19:00 (Zoom)**
Kom leer hoe die NHKA oor liturgie dink en om self die liturgie vir 'n erediens saam te stel
Ds Hannes van der Merwe

**Deel II – 29 Mei 2023 om 19:00 (Zoom)**
Hoe berei predikante preke voor?
Dr Gerhard Nel


**Deel III – 21 Junie om 19:00 (Zoom)**
Die aanbied van 'n preek
Prof Yolanda Dreyer

Die modules wat hierop volg, handel oor pastoraat, Bybelkennis, gemeentebestuur en getuienis. Inligting oor elke module sal in die kerklike media verskyn. Hierdie toerusting behoort elke ouderling 'n betekenisvolle medewerker te maak – veral in gemeentes wat langdurig vakant is.

**https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
ID: 942 768 9935 met wagwoord SGB

**Dr André Ungerer**
**Hoof: Hervormde Teologiese Kollege**

# Lief en leed



Ds Fanie Swanepoel

- Emerituspredikant **ds Fanie (SJ) Swanepoel** (91) is Donderdag 4 Mei oorlede nadat hy lank siek was. Die roudiens het plaasgevind op Woensdag 10 Mei om 11:00 in Gemeente Hartebeeshoek, Plantainlaan 55, The Orchards, Akasia. Hy sou op 10 Mei sy 92ste verjaardag gevier het. Gaste wat die diens wou bywoon, is vriendelik versoek om swart en wit te dra indien moontlik, en predikante hul togas. Ons innige simpatie gaan aan mev Elsa Swanepoel en hul familie. **Hierdie foto** is geneem die dag van ds Swanepoel se laaste preek, 19 Februarie 2016.



Ds Pierre Roets

- **Ds PJ (Pierre) Roets** se **25-jaar-ampsjubileum** vind plaas op **Sondag 14 Mei** om 09:00 by Gemeente Springs-Oos, Ermeloweg 61 / Jurgenslaan 16, Strubenvale.



Ds Naas Lombard


- **Ds IM (Naas) Lombard** (64) van Suidoos-Witbank aanvaar in Junie 2023 vervroegde emeritaat. Sy **afskeidspreek** vind plaas op **Sondag 4 Junie om 11:00** in die gemeente, met ’n ete in die saal van Laerskool Klipfontein na die erediens. RSVP asseblief **voor of op 29 Mei** by Annelien (082 512 9849) of die gemeentekantoor (082 546 8221 / 087 148 9438).

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Mei, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 11 Mei: Dr JC (Christo) van der Merwe (74) (emeritus) en ds G (Guilliaume) Rocher (53) (Balfour/Heidelberg)
  - Saterdag 13 Mei: Drr GC (Gerhard) Lindeque (62) (Bybelgenootskap) en JJ (Koos) Prinsloo (77) (emeritus)
  - Sondag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (63) (Potchefstroom) en PJ (Pieter) Uys (66) (emeritus)
  - Dinsdag 16 Mei: Di EM (Liza) Jansen (34) (Witbank-Suid) en AC (André) Swanepoel (44) (Derde Kruis)
  - Donderdag 18 Mei: Ds MS (Marissa) Kidson (40) (Pretoria-Wes)

# Gemeentes en bediening

Die Raad van Finansies het enkele jare gelede besluit dat die Kerk ’n voorbeeld vir die wêreld moet stel. Daarom is **Hemelvaartdag** (vanjaar Donderdag 18 Mei) vir die personeel van die Sinodale Dienssentrum ’n vakansiedag. Let dus asseblief daarop dat die **Sinodale Dienssentrum gesluit** is vir dié dag. Gemeentes kan gerus oorweeg om dieselfde te doen met hul kerkkantore.

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 29 Mei** bereik **vir 8 en 9 Junie** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Rudi Janse van Rensburg

- **Ds PR (Rudi) Janse van Rensburg** (Weltevreden) het ’n beroep ontvang na Swellendam.



Ds Marius en Mercia Bacon

- **Ds M (Marius) Bacon** (emeritus / Rust der Winter) is onlangs beroep na **Delareyville**. Hy het die beroep aanvaar en is op 16 April daar bevestig. Sy nuwe gemeente laat weet soos volg: “Dis ’n heerlike herfsoggend op Delareyville. Daar heers opgewondenheid en dankbaarheid in die Hervormde Gemeente Delareyville. Vandag, 16 April 2023, word ds Marius Bacon en Mercia weer terugverwelkom in die gemeente nadat hulle die gemeente 17 jaar gelede verlaat het. Ds Gerhard Viviers, voorsitter van die ring van Maquassi, het die bevestiging waargeneem, waarna ds Marius sy intreerede gelewer het. Daarna het die gebruiklike lang lys sprekers se verwelkomings gevolg. Hierna het ons na die saal verdaag waar die susters ’n heerlike vingerete voorberei het. Ons bid ds Marius en Mercia die Here se seën toe op hul werk hier. Mag hulle gelukkig wees op Delareyville!”



Ds Pieter Uys

- Die Kommissie van die AKV het emeritaat verleen aan **ds PJ (Pieter) Uys**, terugwerkend tot 31 Mei 2022. Ds Uys is reeds sedert 2019 met siekte-emeritaat.

- **Gemeente Philadelphia** het ’n vakature vir ’n **terreinbestuurder**. Die pos is vanaf 1 Junie 2023 beskikbaar. Belangstellendes kan ’n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- **Die SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in ’n 1905-kerkie geleë is) benodig **finansiële ondersteuning** vir die Kerkmuseum se restourasie. ’n Skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar. Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951 indien u kan help, of gebruik hierdie bankbesonderhede:

  NHK Wonderboompoort<br>
  Absa<br>
  Tjekrekening 630580048<br>
  Verwysing: Verf Museum<br>
  Kennisgewing aan: **careljohann@gmail.com**




- Ds Carel Johann de Bruin vra ook: *Is daar **enige ou, unieke speelgoed** van dominees, predikantsvroue en kerklidmate wat vir die Museum geskenk kan word vir ’n spesiale uitstalling?* Kontak hom by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951.

- Ds Carel Johann de Bruin is ook op soek na die **kanselkleed van Gemeente Dordrecht** (wat in 1939 gestig is en in 2018 ontbind het), asook enige inligting oor en foto’s van die kerkgebou, kansel, ensovoorts. Kontak hom by **careljohann@gmail.com.**

## Vergaderings

- Donderdag 11 Mei: ADV Dagbestuur
- Vrydag 12 Mei: Moderamen<br>TOIBO Ledevergadering
- Maandag 15 Mei: Plesion Direksie
- Dinsdag 16 Mei: Kuratorium
- Woensdag 17 Mei: Ons Tuis Direksie

## Kerklike publikasies

- Talle van die ontvangers van ***Blitspos*** stuur weekliks die lokflits en/of *Blitspos* na vriende en kollegas aan. U is welkom om die besonderhede van dié sekondêre ontvangers met hul toestemming aan ons te stuur, sodat hulle ons korrespondensie direk kan ontvang. Stuur gerus sodanige e-posadresse na **bladuitleg@nhk.co.za**.

- Ons nooi weer eens die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur** na **annelie.botha@up.ac.za** vir **plasing op die Kerk se webblad** by **https://nhka.org/die-woord/preke/**. Daar bestaan ook **’n behoefte aan Engelse preke**, en ons predikante in die buiteland kan gerus ook hul preke vir ons stuur.

- Predikante en kategesehoofde kan ons gerus laat weet hoe hulle **die NHKA se kategesehandleidings** aangepas het **vir gebruik deur gekombineerde jaargroepe**. Ons besef dat die verskillende kategeseklasse in sommige gemeentes so klein is dat die jaargroepe soms saam klas kry. Die inligting sal waardevol wees wanneer die handleidings weer hersien moet word. Stuur asseblief die inligting na **produksie@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Suiderherfs**

Hier by ons val die somer
Meimaand van ’n witstinkhout af
om ná ’n wintergraf
op te staan en vars
in botsels uit te bars.
Halala, God is groot,
daar ís lewe ná die dood!

Hoe helder, Heer,
hierdie brose dae
vol van vrede!
Hoe heilig, Heer,
dat elke dooie blaar
die lewe bros verklaar!

Gegesel, gespot, geslaan –
Jesus die Mens het opgestaan!
Honend tot lyk verklaar –
Jesus die Redder het opgevaar.
Die Vader het Hom kom haal,
Jesus die Gees het neergedaal!

Deur die wonders wat God doen
heilig Hy ook óns geel seisoen.

**Hans du Plessis**
(LitNet, 15 Desember 2022)

## Toerusting




- **Die Dameskring** is ’n Christelike organisasie wat die belangrikheid van kerngesonde gesinne verstaan. Die beste manier om te begin bou aan gesonde gesinne, is op ons knieë. Sedert 2019 word ’n **Biddag vir Gesinne** jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Hulle sou graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika wou inspireer om weer in 2023 saam te kom om by ’n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Hulle droom daarvan dat hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders sal word. Die Biddag vir Gesinne, geïnisieer deur die uitvoerende bestuur van Die Dameskring, vind plaas op **14 Mei 2023**. Op 14 Mei wil hulle

saam met gesinne kniel om te bid vir eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, vir heling van gebroke gesinne, dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem, en vir die bewaring van die huwelik. Besoek **www.dameskring.co.za** vir meer oor Die Dameskring.

- **Mentorskap-opleiding: 22 en 23 Mei van 09:00 tot 16:00 aanlyn.** Die toerustingsgeleentheid is gratis en VBO-punte sal toegeken word. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.




## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Tooi Turkoois vir Bejaardes**
  **15 Mei – 15 Junie**
  **www.goturquoise.co.za**
  **Viering by Voortrekkermonument**
  **Woensdag 31 Mei 2023**
  08:15 vir 09:00-13:00 op die Amfidak
  Toegang: R75 (gratis toegang tot terrein)
  Volkspele, Boeremusiek, ligte verversings, kontantsnoepie
  Besoek aan Monument ingesluit
  Navrae: 072 349 8395 / **admin@helpseniors.org.za**

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit enkel-, eenslaapkamer-, 1½-slaapkamer- en tweeslaapkamerwoonstelle. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 / 083 308 0520 vir meer inligting en pryse.

## Fondsinsamelings

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Gemeente Randburg bied aan: Nataniël**
  **Woensdag 24 Mei om 19:30**
  Hoërskool Randburg
  Kaartjies R250 per persoon
  Bespreek by Quicket

- **Gemeente Lichtenburg: Oesfees**
  **Saterdag 27 Mei vanaf 08:30**
  Gratis toegang
  **Gaskunstenaar:** Ray Dylan
  **Vir kinders:** Tombola, skyfskiet, reuseglybaan, springkasteel
  **Veiling** met pragstukke: Silwer Krugermunte, skilderye, mampoer, handgemaakte sweep, geraamde getekende Springboktrui van 2008, geraamde Noord-Transvaalvlag, spesiale Oesfees-versamelaarswyn, wildsbokke, Tjoppie die skaap, hoenders
  **Tradisionele stalletjies:** Pap-en-kaiings, spesiale resep lewerkoekies – beste in die Noordweste!
  **Ander stalletjies:** Nagereg, pannekoek, vetkoek, oliebolle, worsbroodjies, sosaties, kerrie-en-rys, lekkergoed, koeldrank, koffie…
  *Plaasstalletjie* met handwerk en plaasprodukte
  *Mannetafel* met handgemaakte items
  *Vleistafel:* Kwaliteit beesvleis teen uiters billike pryse: wors, maalvleis, kookvleis, lekkerste Russiese wors in Suid-Afrika
  *Koektafel* met tuisgebakte koeke, beskuit, terte, klein koekies en meer
  **Kompetisie met pryse, kaartjies @ R20**
  1ste prys: R20 000
  2de prys: Wegbreek van 7dae in die Bosveld vir 12 mense by Mukuyu-wildsplaas naby Bela-Bela
  3de prys: R5 000
  4de prys: Juweliersware ter waarde van R4 000
  5de prys: Geskenkbewys by Oupa's Biltong van R1 500
  6de prys: GROOT verrassing
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Kontak Dave Oosthuizen by 083 311 2962

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## ’n Moeder se gebed

Liefdevolle Vader,
omring my met u liefde
terwyl ek na die verskillende behoeftes van my kind omsien.
Mag my stem weerklink van goedhartigheid, geduld en troos.
Mag my woorde u oproep eggo
om ander met billikheid en deernis te behandel.
Mag my gebede getuig van dankbaarheid
vir hierdie groot geskenk van moederskap.
Seën al my pogings om medelye en ruimhartigheid
in my kind te kweek.
Ek vra dit in die Naam van u geliefde Seun, Jesus.
Amen.

sadlier.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



## ’n Seënbede vir alle moeders

Liewe Heer,
seën elke moeder en elke ouma vandag
met die kosbaarste van u geestelike seëninge.
Bevestig in haar hart en gees
die werk van haar hande
en die liefde wat sy so vrylik gee aan u kinders.
Bekragtig haar waarde elke dag
sodat sy nooit hoef te twyfel nie
aan u liefde, u waardering en u koestering.
Amen.

scross.co.za

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van NIekerk |